**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMATREËLS

- Moenie die dampe of spuitnewel inasem nie.
- Moenie oppervlakwater of slote met enige chemikalieë of gebruikte houers besoedel nie.
- Produk moet in die oorspronklike geseëde produkhouer gestoor word.
- Moenie rook, eet of drink tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vermoed kontak van die konsentraat of spuitmengsel met vel, oë of klere.
- Dra beskermende klere (ondeurdringbare handskoene en oog/gesigskerm) terwyl produk hanteer word.
- Was met seep en water direk na gebruik.
- Was beskermende toerusting en besoedelde klere na gebruik.
- Was onmiddellik met seep en water na toevallige velkontak.
- In geval van oogkontak, spoel deeglik met genoegsame water.
- Keer die leë houër om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houër daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van een derde van die inhoud van die houër. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houër op die voorgeskrewe manier vernietig word.
- Vermoed wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en

gebiede wat nie behandel moet word nie. Maak alle toerusting deeglik na gebruik skoon en gooi spoelwater uit waar dit nie die omgewing, gewasse, weidings, riviere en damme sal besoedel nie. Maak alle meng- en spuittoerusting na gebruik skoon en ook voordat dit vir ander produkte gebruik word.

- Hou kinders en diere weg van opgestapelde houers en afvalmateriaal.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te kap en plat te maak en daarvan op 'n veilige manier ontslae te raak in ooreenstemming met plaaslike regulasies. Moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

### **SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING**

Geen gevalle van menslike vergiftiging is al aangemeld nie. Onder laboratoriumtoestande was die simptome van menslike vergiftiging sedasie, asemnood, ooguitpeuling, gebuigde liggaamshouding en deurmekaar hare.

Simptome van vergiftiging mag ook die volgende insluit: Irritasie van vel en slymvliesmembrane, oogirritasie, allergiese velreaksie en velsensitasie. Indien groot hoeveelhede **MENTOR** ingesluk word, mag dit naarheid, braking, maagpyn en maagwerking veroorsaak.

### **NOODHULPBEHANDELING**

Kontak 'n dokter indien vergiftiging vermoed word. Verwyder die pasiënt van verdere kontak met die plaagmiddel en hou persoon in goed-geventileerde plek.

Hou die produkhouer, etiket of Veiligheid-Inligtingsblad byderhand wanneer die gifbeheersentrum of dokter geskakel word of wanneer vir behandeling gaan.

**Oë:** Spoel oë met baie water vir 15 minute uit terwyl ooglede oopgehou word indien nodig. Verwyder kontaklense. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

**Vel:** Spoel liggaam onmiddellik met groot hoeveelhede water. Verwyder besoedelde klere en skoene. Was geaffekteerde dele met seep en water. Moenie vel vryf nie. Was besoedelde klere voor hergebruik. Verkry mediese bystand indien irritasie voortduur.

**Ingesluk: Moenie enige iets per mond aan 'n bewustelose persoon ingee nie.** Indien ingesluk **MOENIE braking induseer nie.**

**Verkry onmiddellik mediese bystand** en wys die etiket, Veiligheid-Inligtingsblad of produkhouer aan die geneesheer.

**Inaseming:** Verwyder pasiënt na area met vars lug. Lê persoon neer en hou pasiënt warm en rustig. Indien asemhaling vlak is of opgehou het, verseker dat lugweë oop is en pas kunsmatige asemhaling toe.

**Verkry onmiddellik mediese bystand.**

### **NOTA AAN GENEESHEER**

Geen spesifieke teenmiddel is bekend nie. Behandel simptome en ondersteunend. Hou pasiënt onder konstante waarneming. Indien pasiënt nie bewusteloos is nie, doen maagspoeling en suiwering. Indien <10 mg per kg liggaamsgewig ingeneem is, mag 30 tot 60g geaktiveerde houtskool in 150 tot 300 ml water toegedien word.

### **GEBRUIKSBEPERKINGS**

Raadpleeg die verkoopsagent of jou plaaslike Verspreider vir op-die-plaas advies voordat **MENTOR** gebruik word.

**Moenie MENTOR as 'n vooropkoms behandeling op Mielies gebruik nie.**

**MENTOR** mag onder die volgende toestande skade aan sekere gewasse aanrig:

- ❖ Ingeteelde ouerplante van gewaskultivars asook eksperimentele of nuut-vrygestelde kultivars. Raadpleeg eerstens die vervaardiger, verspreider of saadvoorsiener in hierdie verband.
- ❖ Tabak wat in baie sanderige gronde en/of gruisgronde geplant is, of waar vloedbesproeiing plaasvind.
- ❖ Graan- en voersorghum:
  - Wat in gronde met 'n hoë persentasie (>60%) fyn sand en/of swak struktuur het wat geneig is om te verdig na reën omdat hierdie gronde swak deurlug is.
  - Dieper as 50 mm geplant is.
  - Voersorghum wat in baie sanderige en/of gruisgrond geplant is, of waar vloedbesproeiing gedoen word.
  - Wat in lande met 'n hoë voorkoms van grondgedraagde siektes en/of waar monokultuur toegepas word.
  - Wat nie vooraf met 'n geskikte, geregistreerde saadbehandelingsmiddel behandel is om fitotosisiteit by asetaniliedprodukte te voorkom nie.
- ❖ Droëbone in lande met 'n hoë voorkoms van grondgedraagde siektes en/of waar monokultuur toegepas word.
- ❖ Droëbone in warm, droë toestande, veral wanneer 'n verdigte laag in die grond voorkom. Onder hierdie toestande kan droëbone gevoelig wees vir windskaide.
- ❖ Droëbone onder versuiptoestande op vlak, sanderige gronde minder as 100 mm diep, met 'n ondeurdringbare klei-ondergrond.

**MENTOR** mag slegs op voersorghum gebruik word wat sorghum x sorghum kruisings en sorghum x Sudangras kruisings is. Kruisings met *Pennisetum* spp. en kruisings wat die BMR gene bevat mag nie met **MENTOR** behandel word nie.

**MENTOR** mag op graan- en voersorghum gebruik word wat vooraf met 'n geskikte, geregistreerde saadbehandelingsmiddel behandel is om fitotosisiteit by asetaniliedprodukte te voorkom.

**Beskadiging aan triasien-sensitiewe gewasse mag onder die volgende toestande plaasvind:**

- ❖ Waar gronde met kalk behandel is om die grond pH reg te stel, sal die gewasskade dramaties verhoog in lande waar triasienes voorheen toegedien is. Dit is a.g.v. die triasienmolekules wat in die kleikompleks met kalsiumkatione vervang word en die triasien dus meer beskikbaar in die grondwater-kompleks word.
- ❖ Slegs mielies mag in die seisoen direk na die pH-regstelling met kalk geplant word.
- ❖ Geen triasien sensitiewe gewasse moet geplant word in die seisoen nadat die grond pH regstelling met kalk gemaak is nie. Hierdie geld selfs indien triasienes teen wisselbou dosisse die vorige jaar gespuit is.
- ❖ Triasien sensitiewe gewasse sluit alle breëblaargewasse in.
- ❖ Hierdie waarskuwings waarborg nie dat geen skade aan enige gewas, selfs die daaropvolgende mielie-aanplanting, gaan voorkom nie, aangesien groot hoeveelhede triasienes beskikbaar mag raak afhangend van die hoeveelheid kalk wat toegedien word en die reënval wat voorgekom het.

**Verhoogde effektiwiteit, fitotoksisiteit en verlengde nawerking mag onder die volgende toestande voorkom:**

- ❖ Verhoging van grond pH- vlakke bokant 7.0 kan toestande skep vir verhoogde effektiwiteit en verlaagde selektiwiteit. Die verhoogde pH mag verhoogde grondnawerking by sekere onkruidodders veroorsaak wat die keuse van opvolggewasse beïnvloed – veral dié onder besproeiing.
- ❖ In situasies waar pH regstellings gemaak is, neem kennis waar sulfonielureum,



triasolopirimidiensulfonanalied- en imidasolinoononkruidodders, wat almal sensitief is vir grond pH skommeling, gebruik is of gebruik gaan word.

Moenie op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrijetiket verskyn nie

Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

Indien ander produkte in 'n tenkmengsel met **MENTOR** gebruik word, raadpleeg altyd die etikette van daardie spesifieke produkte vir die gebruiksaanwysings en -beperkings, asook vir die wisselbou-aanbevelings.

Raadpleeg 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vir besonderhede.

### **WEERSTANDSWAARSKUWING**

Vir weerstandsbestuur is **MENTOR** 'n groepkode K3 onkruiddoder. Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **MENTOR** of enige ander groepkodes K3 onkruiddoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers indien hierdie onkruidodders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **MENTOR** of enige ander groepkodes K3 onkruiddoder beheer word nie.

#### **Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:**

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.
- Hou onkruiddoderrekords van elke kamp.
- Verhoed dat weerstandbiedende onkruidsaad en plantegroei na ander kampe beweeg deur oes- en bewerkingstoerusting skoon te maak en deur skoon saad te plant.
- Indien bewei, begin by die kamp met die laagste onkruidweerstand voordat na 'n kamp met 'n hoër weerstand beweeg word, want diere mag die saad versprei.
- Alle lande moet jaarliks ondersoek word om die ontwikkeling van weerstandigheid op 'n vroeë stadium te identifiseer.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Die is moeilik om die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruidde voor gebruik te bepaal en daarom kan nog die Registrasiehouer nog die Verpreider verantwoordelikheid aanvaar vir verliese a.g.v. **MENTOR** wat nie die weerstandbiedende onkruidde beheer nie. Moenie **MENTOR** op sy eie toedien in situasies waar onkruidweerstand bevestig is nie. Substandaard toedienings van **MENTOR** sal tot verswakte onkruidbeheer lei en mag tot die ontwikkeling van onkruiddoder weerstandigheid bydra. Dit is uiters belangrik om die behandelde gebiede noukeurig te ondersoek om te verseker dat onkruiddoder weerstandige onkruidde betyds geïdentifiseer word.

'n Plaasstrategie vir die voorkoming en bestuur van weerstand moet aangeneem word. Riglyne is deur die Onkruiddoder Weerstand Aksiegroep (Herbicide Resistance Action Group (HRAC)) ontwikkel en eksimplare is beskikbaar by HRAC, jou verspreider/agent, onafhanklike gewasraadgewer of by Meridian Agritech.

## **METODE VAN WERKING**

S-metolachlor is 'n seldelings-inhibeerder. Daar word berig dat chloorasetamiede die sintese van baie langketting vetsure inhibeer. S-metolachlor is 'n selektiewe onkruidododer wat hoofsaaklik deur die hipokotiele en lote geabsorbeer word en ontkieming inhibeer.

## **GEBRUIKSAANWYSINGS**

**Gebruik slegs soos aangedui.**

## **VERENIGBAARHEID**

Die verenigbaarheid van **MENTOR** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Omdat formulering van tyd tot tyd kan verander, word dit aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets uitgevoer word, voordat die tenkmengsel gemaak word. Moenie meng met enige ander produkte wat nie in hierdie etiket verskyn nie. **MENTOR** is verenigbaar met **ICHIBAN 100 EW, ZENIT, METRIBUZIN 750 WG, PREMIERE, ATRAZINE 900 WG, EQUATE SL, SCORCHER** en **MCPA 750 DMAX**.

## **MENGINSTRUKSIES**

**Plaas deksel terug na gebruik.**

Vul die spuittenk halfvol met skoon water en voeg dan die verlangde hoeveelheid **MENTOR** by die spuitwater terwyl dit geroer word. Maak tenk tot by die verlangde volume vol. Indien tenkmengsels met ander onkruidododers gemaak word, moet die onderskeie vervaardigersetikette vir aanbevelings gevolg word. Verseker dat die mengsel voor bespuiting homogeen is en dat roering deurgaans tydens bespuiting plaasvind.

Indien **MENTOR** in tenkmengsels met **MCPA 750 DMAX** of **EQUATE SL** gebruik word, moet hierdie verbinding eerste by die water gevoeg word. **MENTOR** moet laastens bygevoeg word, net voordat die verlangde volume bereik is. Indien **SCORCHER** in 'n tenkmengsel bygevoeg word, moet dit laaste gedoen word, nadat al die ander produkte bygevoeg is, en behoorlik gemeng word net voordat finale volume bereik is.

**Verseker konstante en deeglike roering tydens vermenging en toediening.**

**Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie.** Spuittoerusting moet deeglik aan die einde van spuitproses uitgespoel word.

## **TOEDIENINGSMETODES**

### **Na-plant vooropkoms**

Wanneer in klam grond geplant word, moet **MENTOR** binne **drie dae vanaf plant** (verkieslik tydens plant) toegedien word op 'n fyn, egalige, ferm, goed-voorbereide saadbed, vry van onkruid, oormatige plantreste en groot kluite. Om goeie resultate te verseker, moet die toediening deur reën of besproeiing opgevolg word voordat die onkruid opkom. Indien reën of besproeiing nie betyds gebeur nie, en die onkruid verskyn en ontwikkel, kan 'n vlak bewerking gedoen word om die onkruid te vernietig en die onkruidododer met die top 10 – 20 mm grond te vermeng.

Wanneer in droë gronde (onvoldoende vog vir ontkieming) geplant word, moet **MENTOR** toegedien word so naby aan, maar definitief voordat, die eerste reën val. Onkruid wat ten tyde van die toediening opgekom het, sal nie beheer word nie.

### Na-opkoms (mielies)

**MENTOR** het 'n baie beperkte na-opkoms werking. Dit mag egter na-opkoms op die gewas toegedien word, direk na 'n bewerking, wanneer geen onkruid teenwoordig is nie. Onkruid wat na die bewerking teenwoordig is, sal nie deur **MENTOR** beheer word nie.

### GRONDTOEDIENING:

**MENTOR** mag toegedien word met 'n medium of hoë-volume spuit wat behoorlik gekalibreer is en met 'n effektiewe roeringsmeganisme toegerus is. Die keuse en rangskikking van die platwaaiertipe spuitpunte moet van so 'n aard wees dat egalige verspreiding en optimale herwinning van die onkruid doder verkry word. Die aanbevole hoeveelheid **MENTOR** moet in ten minste 200 l water/ha toegedien word.

### LUGTOEDIENING (Voor- en Na-opkoms)

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

#### Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitkopstelsel opstel wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat die druppels binne-in die vlerkvorteks inbeweeg

#### Toedieningsparameters

- 'n Minimum volume van 30l (vooropkoms) en 35l (na-opkoms) spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 20 - 30 (vooropkoms) en 30 - 45 (na-opkoms) druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 - 400 (vooropkoms) en 300 - 350 (na-opkoms) mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moenie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik, of terwyl dit uitklim nie.

#### Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente, onstabiele en droë toestande, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie-windbewegings plaasvind, toedien nie.
- Moenie tydens temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande toedien nie, aangesien dit kan lei tot:
  - iii. Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug (wat tot onvoldoende bedekking op teiken lei).
  - iv. Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea.

Commented [NvR1]: Align bullets

- Moenie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

#### Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry die versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat alle relevante data in 'n logboek opgeteken sal word vir toekomstige verwysing.
- **MENTOR** mag deur lugbespuiting toegedien word mits die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens die toediening tot 'n minimum beperk word.

#### SPILPUNTTOEDIENING

**MENTOR** mag met behulp van besproeiingswater vooropkoms (nadat geplant is, maar voordat onkruid of gewas opgekom het) toegedien word teen die toedieningshoeveelhede soos op die etiket verskyn. Gebruik slegs spilpuntsisteme wat water egalig toedien. Berei 'n mengsel met 'n minimum van een deel water tot een deel onkruiddoder voor en spuit hierdie mengsel met 'n posities-verplasende pomp in die spilpuntsisteme in. Deurdat 'n groter volume van 'n meer verdunde mengsel per uur ingespuut word, sal gewoonlik 'n meer akkurate kalibrasie van die meettoerusting teweegbring. Handhaaf voldoende roering deurgaans om die onkruiddoder in suspensie te hou. Dien toe in 12.5 – 25 mm water. Gebruik die laer watervolume op growwe tekstuur gronde en die hoër volume op gronde met fyner tekstuur. Meer as 25 mm water tydens toediening mag onkruidbeheer verswak deurdat die onkruiddoder onder die effektiewe sone in die grond beweeg.

#### Die volgende voorsorgmaatreëls moet met spilpuntoedienings gevolg word:

- ❖ Dien slegs toe deur 'n spilpunt wat 'n teensifon het en ondersoek kleppe om besoedeling van die waterbron te verhoed gedurende die afsit of met oorvloei van die mengseltenk.
- ❖ Spuit in voor enige reghoekige draai op die hooflyn om voldoende vermenging te verseker.
- ❖ Alle chemiese inspuitpompe en waterpompe moet ineengeskakelde kontroles hê om gelyktydige afsluiting te verseker.
- ❖ Toediening wanneer wegdrywing kan plaasvind, soos winderige toestande, of wanneer laste en verbindings lek, of wanneer spuitpunte nie egalige verspreiding verseker nie, mag gewasskade veroorsaak.
- ❖ Indien spinkelaarspuitpatrone nie voldoende oorvleuel nie, mag swak onkruidbeheer voorkom. Wanneer hierdie spinkelaarspuitpatrone oormatig oorvleuel mag gewasskade of onaanvaarbare residue voorkom.

#### AANBEVELINGS

#### GRONDBONE, SONNEBLUM EN BONE (DROË-, NIER- EN SOJABONE)

**TABEL 1: TOEDIENINGSHOEVEELHEID: MENTOR VIR GEWASSE HIERBO GENOEM**

GRONDTIPE	% KLEI	MENTOR (ml / ha)
Sand / Leemsand / Sandleem	0-20	600 – 800
Sandkleileem	21-30	800 – 1000
Sandkleileem / Sandklei	>30	1000 - 1300

Gebruik die hoër **MENTOR** dosis vir verbeterde beheer van **geeluintjie** (*Cyperus esculentus*) of waar hoë infestasië van **kruisvingergras** (*Digitaria sanguinalis*) voorkom, of waar die organiese materiaalinhoud van die grond 1.0% oorskry.

**MENTOR** kan vooropkoms op glifosaatbestande katoen en sojabone in kombinasie met **BOUNTY SL** na-opkoms toegedien word.

**TABEL 2: TOEDIENINGSHOEVEELHEID: MENTOR + EQUATE SL OP DROËBONE**

GRONDTIPE	% KLEI	MENTOR (mℓ / ha)	EQUATE SL (mℓ / ha)
Sand / Leemsand	0-15	600	300
Sandleem / Sandkleileem	16 - 25	600	400
Sandkleileem / Sanddklei	26-35	800	500
Sandklei / Turf	>35	Nie aanbeveel nie	Nie aanbeveel nie

**TABEL 3: TOEDIENINGSHOEVEELHEID: MENTOR + EQUATE SL OP GRONDBONE EN SOJABONE**

GRONDTIPE	% KLEI	MENTOR (mℓ / ha)	EQUATE SL (mℓ / ha)
Sand / Leemsand / Sandleem	0-25	500 - 800	400
Sandkleileem / Sanddklei	26-35	800 - 1000	500
Sandklei / Turf	>35	Nie aanbeveel nie	Nie aanbeveel nie

**Notas tot Tabel 2 en 3**

- ❖ Die tenkmengsel van **MENTOR** plus **EQUATE SL** mag gewas beskadig indien op grond met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van meer as 7.0 gebruik word.
- ❖ Die beheer van sekere onkruid mag onder die volgende toestande negatief beïnvloed word:
  - a) 'n Swak-voorbereide saadbed.
  - b) Gronde met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van minder as 5.0.
  - c) Droë toestande direk na toediening of onvoldoende reënval op swaar gronde.
- ❖ Die dosis van **MENTOR** mag in Tabel 3 verhoog word in ooreenstemming met die verhoogde klei-inhoud binne elke grondtipe-groep. Raadpleeg die **EQUATE SL** etiket vir volledige besonderhede.

**GRAAN- EN VOERSORGHUM**

**MENTOR** mag in graan- en voersorghum gebruik word, mits die sorghumsaad behoorlik met **SAFENIM** op die voorgeskrewe manier behandel is. Die dosisse in Tabel 3 word aanbeveel vir die beheer van eenjarige grasse en gedeeltelike beheer van *Cyperus esculentus*.

**MENTOR** mag slegs op voersorghum gebruik word wat sorghum x sorghum kruisings en sorghum x Sudangras kruisings is. Kruisings met *Pennisetum* spp. en kruisings wat die BMR gene bevat mag nie met **MENTOR** behandel word nie.

**TABEL 4: MENTOR TOEDIENINGSHOEVEELHEDE INDIEN OP SAFENIM-BEHANDELDE SORGHUM TOEGEDIEN WORD**

GRONDTIPE	% KLEI	MENTOR (mℓ / ha)
Sand / Leemsand / Sandleem	0-20	Nie aanbeveel nie
Sandkleileem	21-30	800
Sandklei	31-40	900
Turf	>40	900 – 1300

**Notas:**

- ❖ *Brachiaria eruciformis* mag op turfgronde 1.3 ℓ / ha **MENTOR** vir goeie beheer benodig. Hierdie dosis mag ook die beheer van *Cyperus esculentus* verbeter.

- ❖ Gebruik die hoër **MENTOR** dosis waar hoë infestasië *Digitaria sanguinalis* (kruisvingergras) voorkom.
- ❖ Indien graan- en voersorghum nie vooraf deeglik met **SAFENIM** behandel is nie, kan **MENTOR** ernstige gewasskade veroorsaak.
- ❖ Indien 'n grondkors vorm, moet dit onmiddellik opgebreek word deur 'n vlakbewerking.
- ❖ **MENTOR** kan graan- en voersorghum tydelik beskadig wanneer baie nat grondtoestande 4 – 6 weke na plant voorkom. Die gewas sal gewoonlik hierdie beskadiging ontgroeï en dit sal geen effek op die oesopbrengs hê nie.

#### **TABAK (Slegs Somerreëvalstreek)**

Dien **MENTOR** toe as 'n voloppervlakte bespuiting binne 3 dae na uitplant van die tabak terwyl die plante nog verlep is. Indien **MENTOR** op aktiefgroeiende tabakplante gespuit word, moet die spuitbaan so gerig wees dat dit nie die kelkblaar binnedring en s.d. die groeipunt beskadig nie. Waar **MENTOR** op blare van aktiefgroeiende tabakplante toegedien word, mag skroei voorkom. Op ligte gronde (0 – 10% klei), mag **MENTOR** slegs tussen plantrye toegedien word op so 'n wyse dat 'n onbehandelde strook van ongeveer 20 – 25 cm wyd, bo- op die walle gelaat word (d.i. 10 cm aan beide kante van die plantry).

Bestaande onkruid moet eers verwyder word voordat **MENTOR** toegedien word. Dit mag meganies, met die hand of deur die toediening van **SCORCHER** onmiddellik voor uitplant geskied. Enige groeiende onkruid wat teenwoordig is met tyd van toediening van **MENTOR** sal nie beheer word nie.

Waar tabakplante op walle geplant is, gebruik die 110° spuitpunte en posisioneer die spuitpunte tussen die walle. Dit sal egalige verspreiding van die onkruid doder verseker.

Om **MENTOR** te aktiveer moet sprinkelbesproeiing van ten minste 10 mm, maar nie meer as 15 mm (op gronde met minder as 35.0% klei) en ten minste 20 mm, maar nie meer as 30 mm (op gronde met meer as 35.0% klei), toegedien word binne 2 – 3 dae na 'n **MENTOR** toediening. **Slegs sterk en gesonde plante moet uitgeplant word.**

Indien tabakplante se wortels aan **MENTOR** blootgestel word ten tyde van toediening sal dit die plante nadelig beïnvloed. Gevolglik moet verseker word dat uitplant sorgvuldig geskied.

#### **TABEL 5: MENTOR TOEDIENINGSHOEVEELHEDE OP TABAK:**

<b>GRONDTIPE</b>	<b>% KLEI</b>	<b>MENTOR (mℓ / ha)</b>
Sand	0-10	500
Leemsand / Sandleem	11-20	700
Sandkleileem	21-35	1000
Sandklei	>35	1400

#### **EUCALYPTUS SPP.- EN DENNEBOOMPLANTASIE**

**MENTOR** mag onmiddellik na uitplant op die jongbome op 'n goed-voorbereide saadbed toegedien word.

Indien grasonkuid alreeds teenwoordig is met planttyd, word daar aanbeveel om 'n tenkmengsel van **SCORCHER** en **MENTOR** voor plant toe te doen.

Dien **SCORCHER** toe teen die aanbevole dosisse van die vervaardiger. **SCORCHER** sal die onkruid wat opgekom het beheer en 'n vooropkoms situasie vir **MENTOR** skep om effektief te kan werk.

Indien grasonkuid teenwoordig is nadat die bome geplant is, mag die **MENTOR** toediening 1 week later opgevolg word met 'n geskikte geregistreerde onkruid doder soos deur die vervaardiger aanbeveel vir die beheer van grasse wat alreeds opgekom het.

**TABEL 6: MENTOR TOEDIENINGSHOEVEELHEDE OP EUCALYPTUS SPP. – EN DENNEBOOMPLANTASIES**

GRONDTIPE	% KLEI	MENTOR (mℓ / ha)
Sand / Leemsand / Sandleem	0-20	1000
Sandkleileem	21-30	1300
Sandkleileem / Sandklei	>30	1600 - 2000

**Nota**

- ❖ Gebruik die hoër dosis waar die organiese materiaalinhoud van die grond 1.0% oorskry.

**MIELIES**

**Nawerkende grasbeheer**

Nawerkende grasbeheer na 'n vooropkoms toediening van **SIGNET 915 EC** mag verleng word met 'n na-opkoms toediening van **MENTOR**. Hierdie toediening moet gemaak word nadat 'n deeglike bewerking gedoen is, aangesien grasse wat opgekom het, nie beheer sal word nie.

**TABEL 7: MENTOR NA-OPKOMS TOEDIENINGSHOEVEELHEDE OP MIELIES**

GRONDTIPE	% KLEI	MENTOR (mℓ / ha)
Sand	0-10	350
Leemsand / Sandleem	11-20	300
Sandkleileem	21-30	350
Sandkleileem / Sandklei	31-40	350 - 500
Sandklei / Turf	41-50	350 - 500

**Notas**

- ❖ Indien **SIGNET** plus **MENTOR** split-behandeling gekies word (vergelyk **PREMIERE + SIGNET 915 EC** behandeling: bladsy 6-8 in die **PREMIERE** etiket) op gronde wat meer as 30% klei bevat, kan die dosis van **MENTOR** afgewissel word volgens die graad van vooropkomsbeheer verkry en die heersende weersomstandighede.
- ❖ Die hoër **MENTOR** dosis mag gebruik word indien die grasonkruidreeds begin verskyn het met tyd van die na-opkoms toediening.

**Na-opkoms toediening op glifosaatbestande mielies:**

**MENTOR** mag in 'n tenkmengsel met **PREMIERE** en **BOUNTY SL** op glifosaatbestande mielies toegedien word om 'n uitklopaksie en nawerkende onkruidbeheer te verkry.

**PREMIERE** moet na-opkoms soos volg toegedien word:

- ❖ Wanneer die teiken-grasse tussen die 2 en 3 – blaarstadium is.
- ❖ Wanneer die teiken-breëblaaronkruidre tussen die 2 en 6 – blaarstadium is.

Enige individuele plant wat nie die glifosaatbestande geen bevat nie sal sterf wanneer met glifosaat-produkte soos **BOUNTY SL** gespuit word. Uiterste voorsorg moet getref word om nie hierdie tenkmengsel op nie-glifosaatbestande mielies toe te dien nie.

Wanneer **MENTOR** met **PREMIERE** en **BOUNTY SL** in tenkmengsels gebruik word:

- ❖ Ammoniumsulfaatbevattende produkte moet gebruik word om die kwaliteit van die waterstatus reg te stel.
- ❖ Geen bymiddels moet gebruik word nie.
- ❖ Geen ander triasiene mag by hierdie tenkmengsel gevoeg word nie.

- ❖ Die **BOUNTY SL** en **PREMIERE** etikette moet noukeurig aan voldoen word.

**MENTOR** plus **PREMIERE** mag nie met ander glifosaatbevattende produkte anders dan as **BOUNTY SL** toegedien word nie.

#### SUIKERRIET

##### Vooropkoms-toediening

Dien 1000 – 1600 mℓ / ha **MENTOR** op alle grondtipes as 'n vooropkomsbehandeling toe. Die hoër dosis word op grond met 'n klei-inhoud van meer as 30% aanbeveel en op grondtipes waar:

- ❖ *Panicum maximum* 'n probleem is en/of
- ❖ vir verbeterde beheer van *Cyperus esculentus* en/of
- ❖ vir langer nawerkende beheer.

Dien **MENTOR** teen 2000 mℓ / ha toe indien die organiese materiaalinhoud van die grond nie 1.0%, en die klei-inhoud nie 30%, oorskry nie.

Deurdat dit nie altyd moontlik is om die onkruidodder voor die opkoms van die onkruid toe te dien nie, word dit aanbeveel om 1500 mℓ / ha **SCORCHER** by bogenoemde **MENTOR** spuitmengsel te voeg waar onkruid begin opkom het.

Om goeie breëblaaronkruidbeheer te verseker word aanbeveel om **MCPA 750 DMAX** by die **MENTOR** te voeg.

##### Na-opkoms toediening:

Deurdat **MENTOR** geen na-opkoms werking het nie, sal dit nie onkruid beheer wat alreeds opgekom het nie. Dit mag egter na-opkoms toegedien word mits dit in tenkmengsels met geskikte na-opkoms onkruidodders geskied wat die onkruid wat alreeds opgekom het sal beheer. Sulke behandelings word hieronder aanbeveel:

- ❖ **MENTOR + DIURON 80 WG + SCORCHER.**  
Dien toe per ha: 1000 – 1600 mℓ **MENTOR** in 'n tenkmengsel met 2 – 2.5 kg **DIURON 80 WG** + 1500 mℓ **SCORCHER**.  
Moenie 'n benatter by hierdie behandeling voeg nie.

##### Nota:

- Die bogenoemde na-opkoms behandeling moenie later as die 3-blaarstadium van die grasonkruid toegedien word nie.
- Die bogenoemde na-opkoms behandeling wat **SCORCHER** bevat mag tot by die 3-blaarstadium van die gewas toegedien word.
- Gebruik die hoër dosis van **DIURON 80 WG** vir langer nawerkende beheer.
- Dien **MENTOR** teen 2000 mℓ / ha toe indien die organiese materiaalinhoud van die grond nie 1.0%, en die klei-inhoud nie 35%, oorskry nie.

##### ONKRUIDE BEHEER:

Die volgende onkruidsoorte word normaalweg deur 'n vooropkomstoediening van **MENTOR** beheer teen die dosisse soos hierbo aangedui, op sy eie, of in 'n tenkmengsel met **EQUATE SL** en **METRIBUZIN 75WG** soos aangedui:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjiesinjalgras
<i>Chloris virgata</i>	Witpluim Chloris



<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Tragus racemosus</i>	Groot wortelsaadgras
<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras

Die beheer van die volgende onkruid mag wisselvallig wees:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Roomisbredie
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie
<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein

#### NOTA

Verwys asb. na die produkietiket van **EQUATE SL** en **METRIBUZIN 75WG** vir 'n lys van bykomende onkruid wat beheer mag word.

**MENTOR**-toedienings beheer verskeie onkruid soos hierbo gelys. Ander onkruid wat nie teenwoordig was gedurende die ontwikkelingsproewe nie, mag ook tot 'n mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar geen verantwoordelikheid vir ongelyste onkruid nie.

#### Belangrik: Geeluintjies (*Cyperus esculentus*)

Die beheer van *Cyperus esculentus* kan verbeter word mits aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- Die plantproses onmiddellik voorafgegaan word deur 'n deeglike skaarploegbewerking.
- 'n Relatiewe fyn, egalige en ferm saadbed voorberei is.
- Onkruidodertoediening voorafgegaan word met ten minste 10 – 20 mm sagte deurdringende reën of besproeiing om die onkruidodder in die grond in te loog voor die opkoms van *Cyperus esculentus* (normaalweg 7 – 10 dae nadat geploeg is). Die voorkoms van hierdie toestande sal meer geneig wees om voor te kom gedurende die laaste helfte van die plantseisoen (November). Meer reën of besproeiing word op swaar gronde benodig om goeie resultate te verkry. Dit is die rede vir swak beheer wat soms op turfgronde ondervind word.
- Reënval na die onkruidodertoediening, maar voor die opkoms van *Cyperus esculentus* word benodig vir optimale *Cyperus esculentus* beheer. Gevolglik moet die toediening van **MENTOR** tydens of onmiddellik na die die plantproses in klam grond gedoen word.
- Wanneer in droë grond (onvoldoende vog vir *Cyperus esculentus* ontkieming) geplant word, moet die toediening so naby as moontlik, maar beslis voor die eerste reëns, plaasvind.

#### Grasbeheer:

Grasdoeders wat tot die chloorasetamiedgroep van onkruiddoeders (insluitend **MENTOR**) behoort word deur die koleoptiel van die grasonkruid geabsorbeer. Dus, vir goeie grasbeheer, moet die onkruidodder teen dodende konsentrasies in die boonste  $\pm 50$  mm van die grondprofiel teenwoordig wees. Die adsorpsie-kapasiteit van die grond vir hierdie onkruiddoeders, asook die hoeveelheid water wat deur die grondprofiel beweeg met reën/besproeiing, bepaal die gevolglike konsentrasie van hierdie onkruidodder in die boonste lae van die grondprofiel. As gevolg van die lae adsorpsie kapasiteit van sanderige gronde (0-15% klei, <1.0% organiese materiaal), kan die hoeveelheid onkruidodder tot subdodende konsentrasies in die boonste  $\pm 50$  mm na die voorkoms van deurdringende reën (25 mm of meer binne 1 dag) voorkom. Aanhoudende reën (50 mm of meer, verspreid oor 3 – 7 dae) sal dieselfde resultaat hê. Dit kan dus gebeur dat grasse ontkiem indien sulke toestande

voortduur. Splittoedienings word aanbeveel indien **MENTOR** op sulke grond gebruik word. Deurdringende en/of aanhoudende reën nadat splittoedienings gemaak is, sal dieselfde resultaat tot gevolg hê.

#### **ERKENNING VAN HANDELSMERKE**

Atrazine 900 WG (L 8890)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Bounty SL (L 7268)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Diuron 80 WG (L 9653)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Equate SL (L 7158)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Ichiban 100 EW (L 9248)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
MCPA 750 DMAX (L 9020)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Premiere (L 9116)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Safenim (L 8682)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Scorcher (L 9085)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Signet 915 EC (L 9071)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Zenit (L 9073)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.